Beste Aansoeker

Stilbaai Kersmark is uniek in die opsig dat dit hoofsaaklik handgemaakte artikels te koop aangebied word.

'n Bietjie oor onsself. Ek, Lorraine van der Merwe organiseer Stilbaai Kersmark vir 12 jaar. Lynette Gerber was deel van die organisering vir 10 jaar, sy het ons verlaat op jaar 11, a.g.v verskuiwing van venue. Bertus van der Merwe het deel geword in jaar 11, maar hy was nogal altyd betrokke by Stilbaai Kersmark saam met die kinders, tent opslaan, tafels ronddra. So ons as gesin voel soos familie met Stilbaai Kersmark.

2019 was ons eerste jaar van venue skuiwing. Ons het 'n marquees tent opgeslaan in die Hoofweg van Stilbaai, voor die Lions Klub gebou. 'n Nuwe deel van die Stilbaai Kersmark familie, mense wat omgee, nie omgee om die ekstra myl te stap nie, ons is trots en baie dankbaar om hul te kan leer ken.

Hierdie jaar gaan ons opgradeer na 'n aluminium raam tent met 'n soliede vloer in en ons gaan die hele parkeerterrein met 'dust compaction' behandel, so ons gaan stofvry wees in 2020. Nog 'n pluspunt is dat die area omhein is met palisades.

Die Kersmark se keuringskriteria is die volgende:

- VERKIESLIK ENTREPRENEURS MET HOOFSAAKLIK HANDGEMAAKTE ARTIKELS
- **KWALITEIT** EN KEURIGE AANBIEDING VAN PRODUK
- **BILLIK** GEPRYS

VOORWAARDES WAT NAGEKOM MOET WORD TYDENS STILBAAI KERSMARK:

- Jy moet genoeg voorraad vir die hele tydperk hê. (Die feit dat daar aan ander markte deelgeneem word, mag nie 'n invloed op jou voorraadvlakke hê nie.)
- **Slegs** gekeurde artikels mag uitgestal word, d.w.s. dit wat u op die aansoekvorm vermeld het en deur die komitee gekeur is en waarvoor ons "labels" voorsien. Ons verskaf **700 "labels"** per tafel en daarna betaal jy vir ekstra labels 'n fooi van 15c per label.
- Slegs die DBV Mark en Jongensfontein Mark in Stilbaai omgewing mag ondersteun word met die voorwaarde dat die verkooppryse **MOET** ooreenstem met Stilbaai Kersmark, en daar **MOET** steeds genoeg voorraad wees by Stilbaai Kersmark, ons wil graag ons mark bevoordeel hê en ook die uitstaller.

STILBAAI KERSMARK se fokus is op geskenke vir Kersfees – daarom poog ons om 'n wye verskeidenheid van artikels aan te bied vir verkope.

Daar word opgetree as agent en is daarom vrygestel van enige belasting- verpligtinge.

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE KERSMARK:

1. **DATUMS & BESIGHEIDSURE:**
   8 Desember tot 24 Desember 2020. Maandag tot Saterdag bly ons besigheids ure vanaf 09:00 tot 17:30. Sondag 13 en 22 Desember sal ons van 10:00 tot 14:00 oopwees, ons ondervind dat daar heelwat kliënte is wat die behoefte het om die Mark te besoek op 'n Sondag.

2. **WAAR:**
Die Mark vind plaas in 'n groot aliminium raam tent in Main Road, voor die Lions Klub langs die dorp se rugbyveld, Stilbaai-Wes. (naby Polisiekantoor en Munisipaliteit).

3. **AANSOEKE EN KEURING:**
Aansoekvorms moet ons voor **31 Mei 2020** bereik. Uitstallers se produkte is onderhewig aan keuring. Keuring sal plaasvind op 'n basis van foto's en e-pos foto's. Foto's of e-pos foto moet asseblief die aansoek vergesel. Individuele reëlings kan getref word oor keuring en proe van voedsel produkte as nodig.
ALLE eetgoed en slaaisouse MOET beskik oor:
a. Vervaldatum (vir rak en koelkas).
b. Bestanddele waaruit produk bestaan.
c. Berging van produk na oopmaak.

4. Keuring sal plaasvind voor 6 Junie 2020. Jy sal per **E-Pos** in kennis gestel word indien jou aansoek suksesvol was of nie. Geen rede sal verskaf word indien jou aansoek afgekeur word nie.

5. **REGISTRASIE:**
Die registrasiefooi vir die gekeurde uitstallers beloop **R600,00 per vol tafel** (75cmX170cm) of **R350,00 per half tafel. 'n 50 % Deposito of volle betaling** is betaalbaar voor **30 Junie 2020**, sodra ons jou per **e-pos** in kennis gestel het dat jou aansoek suksesvol is, finale betaling voor **31 Augustus 2020**. Betaling van registrasiefooi kan in **STILBAAI KERSMARK,** Capitec, Takkode 470010, Spaar Rek. No. 1645193762 inbetaal word**.** Meld ASSEBLIEF jou **naam en van** as inbetalings verwysing. Deposito's is nie terugbetaalbaar nie. **ASSEBLIEF. Geen** laat betalings nie.

6. **ETIKETTE:**
Voorraadlyste moet ontvang word teen 1 Oktober 2020 om etikette betyds te kourier. Ek gaan almal se etikette 19 Oktober kourier deur "the courier guy" teen 'n addisionele fooi van R100 wat aan die einde van die mark verhaal sal word. Dit sluit die uitstallers uit wat hul eie barcode kodes reeds op hul produk het. Ek het asseblief 'n spesiale versoek, as jy jou produk moet oormerk van 'n ander mark na Stilbaai Kersmark, sal u so gaaf wees en die vorige label afhaal, anders sukkel ons om jou barcode korrek te lees. **ASSEBLIEF.** maak seker dat jy die regte sticker en prys op die regte produk plak.

7. **KOMMISSIE:**
18% + 2% bankkoste vir kaarttransaksies van alle verkope word afgestaan. Jy moet dus jou artikels so merk dat die kommissie reeds ingesluit is. Pryse van artikels word afgerond tot die naaste rand. Persone wat deur organiseerders goedgekeur word, en daagliks self by hulle stalletjies diens doen staan 16% kommissie af. Artikels se pryse mag nie verhoog of verminder word tydens die Kersmark nie.

8. **UITPAK EN OPRUIM**
Die tent sal op Maandag, **7 DESEMBER 2020,** vanaf 12:00 tot 15:00 oop wees. Jou tafel moet toegegooi word met jou eie doek wat hang net bokant die vloer. 'n Deftige uitstalling dra by tot die sukses van jou verkope. In gevalle waar die uitstaller nie self teenwoordig kan wees nie, moet self reëlings getref word. Ekstra voorraad moet onder jou tafel gebêre word en alle voorraad se prysetikette moet klaar opgeplak wees.

Die Kersmark eindig **24 Desember 2020 om 14:00** vir die publiek. **Uitstallers is welkom om vanaf 15:00 hul produkte op te pak.** Ruim asseblief op daar waar jou tafel is, geen bokse, plastiek, skroewe, papiere ens. moet agtergelaat word nie, ons kan jul aanduiding gee waar om jou lee bokse weg te gooi, aangesien Hessequa Munisipaliteit baie streng is oor netheid.

Die tent moet reeds om 17:00 volledig ontruim wees. Sou jy voor die afsluiting begin oppak, noop dit ons om 'n **boete van 20%** van jou omset te verhaal. **Dieselfde reël geld ook indien jou tafel gedurende die mark nie voldoende voorraad het nie.** By voorbaat dankie vir jou samewerking in die verband.

9. **ADDISIONELE KOSTES**
   Uitpak fooi van R250-00 van produkte soos gereël met organiseerders in geval die uitstaller nie teenwoordig kan wees nie. Oppak en stoor sal ongelukkig glad nie gereël kan word nie, omrede ons in ‘n tent is en geen stoor fasiliteite het nie.

10. **TOESIG:**
    Ons versoek dat elke uitstaller ten minste een diensbeurt van 2ure sal doen. Indien jy nie ‘n diensbeurt kan behartig nie, **reël ons vir ‘n student om in jou plek 2 ure diens te doen @ R120 vir jou rekening.** Daar sal ‘n lys wees by die admin tafel waar jy kan aanteken of jy ‘n diensbeurt wil doen. Die Kersmarkkomitee reël vir toesig in die saal deur verantwoordelike persone wat na die beste van hulle vermoë jou belange op die hart sal dra. Uitstallers van juweliersware is persoonlik verantwoordelik vir toesig by hul tafel.

11. **SEKURITEIT:**
    Sekuriteitsmaatreels word gedurende die Kersmark getref ten einde jou belange te beskerm. ‘n Nagwag en alarmstelsel is ook in werking.

12. **SENTRALE BETAALPUNT:**
    Daar sal ‘n sentrale betaalpunt by die uitgang wees. Kontant of krediet/debietkaart is welkom.

13. **REKLAME:**
    Daar sal wyd reklame gedoen word vir Stilbaai Kersmark. Besoek gerus ons webblad, www.stilbaaikersmark.co.za. Onthou asseblief om Stilbaai kersmark te like en share op facebook.

Jy kan ons e–pos admin@stilbaaikersmark.co.za of my kontak 079 128 1893 tussen 14:00 en 18:00 vir verdere inligting.

Ons sien daarna uit om jou te ontmoet!

Ons vra ook jou voorbidding vir ‘n Geseënde Kersmark 2020.

Vriendelike Kersmarkgroete!

Lorraine en Bertus vd Merwe

Aansoekvorm kan gestuur word via e-pos

E-pos admin@stilbaaikersmark.co.za

Enige Navrae Lorraine vd Merwe

079 128 1893

Vul asseblief in netjiese **BLOKSKRIF** die vorm in

NAAM: _____ VAN: _____

SELFOON: _____

KOURIER ADRES VIR ETIKETTE: _____

_____

E-POS: _____

PRODUKTE - in kort kan u asseblief 'n kort beskrywing van u produk gee:

_____

_____

Stel u belang in: _____ Tafel _____ ½ Tafel _____ Vloerspasie

Het u kragpunt nodig JA / NEE (Indien wel bring asseblief jou eie 10m lead en multiprop)

Bank rekening waarin die betaling gemaak kan word na die mark:

Rekening houer: _____ Bank: _____ Rek no: _____

Tak Naam: _____ Takkode: _____

Tipe rekening: _____

Ek, die ondergetekende, skeld die organiseerders, hulle werknemers, en agente vry teen enige eis van enige soort skade, direk en indirek deur diefstal, besering, vuur, "vis major casus fortuitus" of enige ander oorsaak. In die geval van kanselering of uitstel van die mark buite die beheer van die organiseerders, sal die organiseerders nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies aan verwagte inkomste of ander skade as gevolg daarvan nie.

Ek het die inligtingstuk deeglik deurgelees en ek aanvaar die voorwaardes wat in hierdie dokument vervat is.

....

Handtekening **Datum**

HIERDIE VORM MOET ONS ASSEBLIEF VOOR 30 MEI 2020 BEREIK

Admin Gebruik

JA/Nee	Uitstallers No	Tafel no.	Bet. ontv R	Datum v. bet.	Etikette Ingevoer: Gekourier: